Sondag 24 Desember
Skrifgedeelte: Lukas 2:8-14
Fokusgedeelte: Lukas 2:11

Hoor vandag ’n goeie tyding!

Herders hoor eerste van die geboorte van Jesus Christus. In die tyd van Christus is hulle as die laagste in die samelewing beskou. Daar is op hulle neergesien. So werk die Koning: Hy kom om die nederiges en veragtes in die samelewing te red en op te hef.

’n Engel van die Here, dit wil sê ’n boodskapper van God, kom sê dit vir hulle: ’n goeie boodskap van groot vreugde. Ons hoor dit as evangelie, Blye Boodskap. Met die aankondiging is Hy nog ’n klein Kindjie in die stad van Dawid. Later sal sy koningskap egter na vore kom, want Hy is “die Verlosser, Christus, die Here”.

Christus beteken “Gesalfde”. Hy is die Gestuurde van God om iets besonders te kom doen. Om in die middel te kom staan, eintlik te hang, aan die kruis tussen ons en God. ’n Teken word gegee – in Bethlehem sal die skaapwagters ’n Kindjie in ’n krip vind. Dit is so heeltemal anders as wat ’n mens sou kon dink. Nie in ’n plaleis van ’n koning nie, maar in ’n stal. Dan breek die hemel oop met ’n lofsang van engele: *“Eer aan God ...”*

Christus het gekom na ons! In ’n nederige gestalte. Vir nederiges en vir mense wat niks van hulleself verwag nie, maar alles van God. VANDAG is hierdie Woord nog vir ons ’n Blye Boodskap.

Wanneer jy dan môre Kersfees vier, dink dat Christus vir jou gekom het. Dis ook ’n boodskap vir nou, VANDAG.

Sing: Skrifberyming 4-6

Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)